higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 3

(9020083)

7 November 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

NOT

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCS

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die volgende vraagnommer (1.1.1-1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die skedel bestaan uit … gesigsbene.

A tien
B twaaf
C veertien
D agt

1.1.2 Die anterieure fontanel is tussen die … bene geleë.

A oksipitale en pariëtala
B pariëtale en temporale
C temporale en frontale
D frontale en pariëtale

1.1.3 Pyn in die … streek kan 'n aanduiding van blaasinfeksie wees.

A naelstring-
B linker iliale
C regter iliale
D hipogastriese

1.1.4 'n Vasektomie is 'n prosedure waar die … gesny word.

A spermatiese koord
B testes
C vas deferens
D uretra

1.1.5 Die … is die buitenste bedekking van die oog.

A sklera
B kornea
C choroïed
D iris

1.1.6 Beenagtige aanhangsels in die mond:

A lippe
B tande
C tong
D sagte verhemelte

1.1.7 Die … is die belangrikste laag van die epidermis, omdat dit verantwoordelik is vir die vorming van nuwe selle.

A stratum corneum
B stratum germinativum
C stratum lucidum
D stratum granulosum

1.1.8 Die foramen magnum is 'n opening in die … been(bene).

A oksipitale
B temporale
C pariëtale
D frontale

1.1.9 Immunisering help die liggaam om … te ontwikkel.

A antigene
B antimikrobiale
C teenliggaampies
D antibiotika

1.1.10 … is die gebeurtenis(se) wat ná 'n handeling plaasvind.

A Resultate
B Vermyding
C Beloning
D Straf

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Velprobleem veroorsaak deur blokkasie van oliebuise in olierige vel wat lei tot puisies en swartkoppies

1.2.2 Baie klein haaragtige strukture wat vorentoe en agtertoe beweeg om stof en ander stowwe op te vee

1.2.3 Bloedklont wat in die diep are van veral die onderbeen en dy gevorm word

1.2.4 Toestand as gevolg van verlamming van die gesigsenuwee

1.2.5 Medikasie wat gebruik word om die simptome van 'n allergie te verlig (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Precious woon in 'n informele nedersetting. Sy het 'n drie-maande oue baba. Sy het nie skoon lopende water, krag of toegang tot sanitasiedienste nie. Sy was dikwels nie haar hande nadat sy die baba se doek omgeruil het nie. Sy het ook nie 'n gasstoof nie en word verplig om 'n vuur in die huisie te maak om kos en water te kan kook. Sy gee haar baba 'n bottel en het die immuniseringsdatum van twee weke gelede misgeloop. Sy het nog 'n halwe blik poeiermelk oor en kry haar kindertoelaag eers oor 'n week. Sy beplan om die melk so lank moontlik te rek sodat dit kan hou totdat sy die toelaag ontvang.

1.3.1 Beskryf VIER maniere waarop die baba se immuunstelsel in gevaar gestel word. (4 × 2) (8)

1.3.2 Hoe, dink jy, beplan Precious om die melk te laat hou? (2)

1.3.3 Beveel VYF maniere aan waarop Precious haar baba se immuunstelsel 'n hupstoot kan gee. (5)

[30]

NC

VRAAG 2


2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Ovulasie	A	middelste buis voor die esofagus
2.1.2	Servikale limfnode	B	dreineer deoksigeneerde bloed vanaf die lewer
2.1.3	Pampoentjies	C	prosedure om servikale kanker op te spoor
2.1.4	Papsmeer	D	swelling van die parotiskliere
2.1.5	Meningitis	E	onvermoë om babas te verwek
2.1.6	Nierslagare	F	dreineer nekstrukture
2.1.7	Uitwendige gehoormeatus	G	inflammasie van die lae van die brein
2.1.8	Trachea	H	vrystelling van 'n ryp ovum vanaf die eierstok/ovarium
2.1.9	Onvrugbaarheid	I	voorsien suurstofryke bloed aan die niere
2.1.10	Lewerpoortare ('Hepatic portal veins ')	J	prosedure om prostaatkanker op te spoor
		K	veroorsaak swelling van die parotiskliere
		L	pyn in iliale streke by vroue
		M	openinge in die temporale bene

(10 × 1) (10)

2.2 Teken 'n geheuekaart om die endokrienekliere in die liggaam en die hormone wat deur elke klier afgeskei word, te illustreer. (15)

2.3 Identifiseer die verskillende dele van die dikderm hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (1–5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



[Bron: www.google.co.za]

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die esofagus loop deur 'n sentrale opening van die diafragma in die boonste deel van die abdominale holte in.

3.1.2 Die nekslagare word gebruik om hartklop tydens kardiopulmonêre resussitasie (KPR) na te gaan.

3.1.3 Die muskiet is 'n voorbeeld van 'n virus.

3.1.4 Hoendervleis is klein puisietjies op die vel wat deur koue veroorsaak word.

3.1.5 'n Besering aan die lumbale senuwees kan tot kwadruplegie lei.

3.1.6 In Piaget se pre-operasionele stadium kan 'n kind abstrak dink en probleme oplos.

3.1.7 Die sfenoïed en etmoïed is die inferiorbene van die kranium.

3.1.8 Volgens Freud is die ego die mediator tussen die id en die superego in persoonlikheidsontwikkeling.

3.1.9 Die langste senuwee in die liggaam is die heupsenuwee.

3.1.10 Groei verwys na 'n toename in die grootte van 'n organisme of deel van 'n organisme as gevolg van 'n toename in die getal selle.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou


3.2 Zola is 22 jaar oud. Sy het pas gegradueer. Sy het nog nooit 'n vaste vriend gehad nie. Sy is baie stil en verkies om alleen te wees. Sy het slegs een baie goeie vriendin. Partymaal voel Zola alleen, veral wanneer haar vriendin saam met háár vaste vriend uitgaan. Zola wens sy het ook 'n vaste vriend gehad.

3.2.1 Identifiseer die ontwikkelingstadium wat Erik Erikson geïdentifiseer het waarin Zola haar tans bevind. (1)

3.2.2 Bespreek of Zola se gevoelens normaal is. (3)

3.2.3 Dui aan wat Zola se persoonlikheidstipe is. Motiveer die antwoord. (1 + 3) (4)

3.3 Bestudeer die diagram hier onder en beantwoord die vrae.



RIBBEKAS

[Bron: www.google.co.za]

3.3.1 Noem die DRIE dele van die borsbeen deur die antwoord langs die nommer (1–3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (3 × 1) (3)

3.3.2 Onderskei tussen die *ware ribbes, vals ribbes* en *swewende ribbes*. (2 + 2 + 2) (6)

3.3.3 Waarom, dink jy, is dit belangrik dat die toraks-organe goed beskerm moet word? (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Gee die persoonlikheidskenmerk wat deur elk van die volgende stellings beskryf word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Ek is heeltemal ernstig en dit is waarom ek toppunte in my klas gekry het.

4.1.2 Klein dingetjies maak my angstig.

4.1.3 Ek het 'n aktiewe verbeelding.

4.1.4 Ek verkry energie van ander mense.

4.1.5 Sosiale harmonie is vir my belangrik.

4.1.6 Ek verkies my eie maatskappy.

4.1.7 Ek is dikwels betrokke by konflik.

4.1.8 Ek is baie onorganiseerd.

4.1.9 Ek neem slegs aan beplande sosiale aktiwiteite deel.

4.1.10 Ek raak nie angstig oor geringe stressors nie.

(10 × 1) (10)

4.2 Verduidelik hoe die liggaam se eerste en tweede verdedigingslinies beskerming teen mikro-organismes bied. (2 + 2) (4)

4.3 Dui aan of die volgende stellings na die eerste of tweede verdedigingslinies verwys. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Om te nies wanneer stof die neusgate binnedring wanneer 'n huis skoongemaak word

4.3.2 Geswelde limfnode wat voorkom dat bakterië die bloedstroom binnedring

4.3.3 Koors as gevolg van 'n blaasinfeksie

4.3.4 Tranerige oë wanneer die wind vreemde partikels in die oë inwaai

4.3.5 Rooiheid, swelling en verhoogde temperatuur nadat die vel raakgesny is (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 Dit is uiters belangrik dat die voortplantingstelsel goed beskerm moet word.

4.4.1 Noem die TWEE lae van die peritoneum wat die voortplantingsorgane beskerm. (2)

4.4.2 Noem die vloeistof tussen die twee lae wat in VRAAG 4.4.1 genoem is. (1)

4.4.3 Gee TWEE moontlike uitwerkings van trauma aan die testes. (2)

4.4.4 Waarom is dit belangrik dat die vroulike voortplantingstelsel goed beskerm moet word? (3)

4.4.5 Noem die DRIE lae van die uterus. (3)

[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

positief; negatiewe; sewe; id; genitale stadium; ongekondisioneerde respons; volwassewording; agt; prelogiese; intuïtiewe; beloon; gekondisioneerde respons; kinderjare; waarneming; ego; falliese stadium; egosentriese

5.1.1 … versterking ontmoedig sekere handelinge sodat dit nooit herhaal sal word nie.

5.1.2 Volgens Piaget gebruik kinders in die pre-operasionele stadium … denkwyses.

5.1.3 Mense wat swaar op hul sintuie steun om inligting in te win, het 'n … persoonlikheidstipe.

5.1.4 Die vorming van identiteit begin in …

5.1.5 Die proses wat lewende dinge deurloop namate hulle groei en uiteindelik 'n stadium bereik wanneer hulle ten volle ontwikkel is, word … genoem.

5.1.6 'n Respons wat nie geleer is nie, word … genoem.

5.1.7 Die georganiseerde realistiese deel van die persoonlikheid word die … genoem.

5.1.8 Die psigoseksuele stadium van Freud wanneer seksuele impulse op die genitalië oorgedra word, word die … genoem.

5.1.9 Goeie gedrag wat … word, verseker dat die gedrag herhaal word.

5.1.10 Mense wat eerder dink as doen, het 'n … persoonlikheidstipe.

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik die posisie van elk van die volgende organe (kies enige DRIE organe):

5.2.1 Milt

5.2.2 Ovaria


5.2.3 Pankreas

5.2.4 Lewer

(4 × 3) (12)

5.3 Wat kan pyn in die area van die swewende ribbes veroorsaak? Motiveer die antwoord. (3)

5.4 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae.



[Bron: www.google.co.za]

5.4.1 Identifiseer die TWEE sintuie wat die persoon in die pad sal beskerm. Motiveer die antwoord. (2 × 2) (4)

5.4.2 Noem EEN ander sintuig wat NIE in VRAAG 5.4.1 genoem is NIE. (1)

[30]

VRAAG 6

6.1 Definieer elk van die volgende terme:

6.1.1 Menslike persoonlikheid (3)

6.1.2 Spatare (2)

6.1.3 Volvulus (3)

6.2 Watter raad sal jy vir 'n vrou gee met betrekking tot goeie gesondheidsgewoontes tydens swangerskap? (3)

6.3 Die vel speel 'n belangrike rol in ons gesondheid. Dit het talle beskermende funksies en vereis dat ons goed daarna moet omsien om sy funksies na behore te vervul.

6.3.1 Noem VYF strukture in die dermis. (5)

6.3.2 Verduidelik VIER maniere waarop die vel die liggaam beskerm. (4)

6.3.3 Gee VYF maniere om vir die vel te sorg. (5)

6.4 San-Marie is 21 jaar oud. Sy voel swak, kry dikwels infeksies en is baie bleek. Die dokter het haar ondersoek en met bloedarmoede gediagnoseer. Die dokter vermoed dat 'n ongesonde skelet die oorsaak van haar probleme is.

Stem jy saam met die dokter? Motiveer die antwoord. (5)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou